

Bestuur jou belastingnakomingstatus

Wat is nuut?

- **1 Junie 2021** - Voordat jy die TCS vir emigrasie versoek, moet die beëindiging van inwonerskap proses voltooi wees. Verwys na die 'Cease to be a Resident'-webblad vir meer inligting.
- **1 Maart 2021** - Die vereiste stawende dokumente ten opsigte van emigrasie en FIA, is updateer om die onlangse veranderinge in valutaruilbeheerprosesse te reflekteer, asook die bekendstelling van die Wysigingswet op Belastingwette, 2020.
- **5 Februarie 2021** - Jy kan nou jou belastingnakomingstatus hier versoek.

Wat is dit?

In ons voortgesette ywer om nakoming te verbeter en om dit selfs makliker te maak vir belastingpligtiges om hulle belastingsake te bestuur, het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) 'n versterkte belastingnakomingstatusstelsel bekendgestel. Die uitreik van gedrukte belastingklaringsertifikaat (TCC) is vanaf 2 November 2019 gestaak. Die TCS PIN stel jou in staat om enige derde party ('n organisasie of regeringsdepartement) te magtig om jou status aanlyn deur eFiling te besigtig. Dit sal jou algehele belastingnakomingstatus vertoon, soos op die datum en tyd van besigtiging. Om belastingpligtige-vertroulikheid te beskerm, sal geen ander inligting aan 'n derde party toeganklik wees nie.

Om belastingnakomend te wees en jou regmatige deel te betaal, is nie net tot jou eie voordeel nie, maar dra by tot die positiewe groei van ons land se ekonomie wat wederkerig alle Suid-Afrikaners bevoordeel.

Die TCS-stelsel is beskikbaar vir die volgende toepassing:

- Goeie reputasie
- Tender
- Buitelandse beleggingstoelaag
- Emigrasie

Om aansoek te doen vir jou TCS, kan jy toegang kry tot die TCS-stelsel deur die TAX STATUS-opsie op eFiling te kies.

Waarvoor is dit?

Die nuwe stelsel sal dit makliker maak vir belastingpligtiges om hul belastingnakomingstatus (TCS) deur eFiling te versoek en 'n PIN ontvang wat hul kan gebruik om derde partye te magtig en in staat te stel om hul status te verifieer.

Die TCS-PIN moet deur gemagtigde derde partye (diegene met wie jy die PIN deel) gebruik word om jou nakomingstatus aanlyn deur SARS eFiling te verifieer. Dit is belangrik om te onthou dat 'n belastingpligtige se nakomingstatus nie staties is nie en verander volgens sy/haar voortgesette nakoming van belastingvereistes.

Wat moet ek doen?

Met dit ingedagte, om belastingnakomend te wees, moet jy seker maak dat:

- Jy geen uitstaande belastingopgawes het nie
- Jy geen geld aan SARS skuld nie, tensy 'n betalingsreëling getref is of daar ooreengekom is tot opskorting van skuld
- Jy vir al die belastingprodukte geregistreer is waarvoor jy aanspreeklik is
- Jou geregistreerde besonderhede is opgedateer. Vir meer inligting oor hoe om geregistreerde besonderhede op te dateer, [klik hier](#).
- Jy het òf saamgeveg (deur die saamvlegopsie op eFiling) òf verklaar (op die ERC01-vorm beskikbaar as deel van die TCS-proses op eFiling), al jou geregistreerde belastingverwysingsnommers. Vir meer inligting oor samevlegging, [klik hier](#).

Die nuwe TCS-stelsel het as middelpunt die “My Compliance Profile” (MCP) funksionaliteit. Die MCP verskaf 'n aanlynoorsig aan belastingpligtiges oor hul huidige nakoming van bepaalde vereistes, soos deur SARS bepaal. Belastingpligtiges kan visueel enige nienakoming identifiseer en die nodige stappe neem om dit reg te stel. Die bekendstelling van die MCP, bemagtig belastingpligtiges met meer inligting oor hul belastingnakoming en vorm die basis vir die algehele nakomingstatus uitgereik wanneer 'n TCS-aansoek aan SARS gestuur word (byvoorbeeld vir tender of goeie reputasie en ander).

Vir meer inligting oor die belastingnakomingstatusprosesse, volg die skakels hieronder:

- [Hoe om toegang tot die “My Compliance Profile” \(MCP\) op SARS eFiling te kry](#)
- [Hoe om jou belastingnakomingstatus te versoek](#)
- [Hoe om jou belastingnakomingstatus te verifieer](#)